

DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS VAN BLANKES IN DIE
WOLMARANSSTADSE DISTRIK: 1876 - 1952.

HOOFSTUK I.

HISTORIESE AGTERGROND.

1. Geboorteplek van eerste blanke noord van die
Vaalrivier.

Die besondere onderskeiding kom die Wolmaransstadse Makwassierante toe dat die eerste blanke kind noord van die Vaalrivier hier gebore is. Op 21 Julie 1823 is Lewis Broadbent, seun van eerw. Samuel Broadbent, in die teenswoordige Makwassierante gebore¹⁾.

Eerw. Samuel Broadbent en T.L. Hodgeson is reeds in 1822 deur die Wesleyaanse Kerk gestuur om sendingwerk onder die Barolongs te kom doen²⁾. Met hulle gesinne het hulle vanuit die rigting van Griekwastad die Hartzrivier oorgesteek om kort daarna in aanraking te kom met die Barolongs onder kaptein Sifonello, wat al vlugtende voor die verwoestende Matabeles hulle hier gevestig het³⁾.

Sifonello het vir hulle in die rante noord van die teenswoordige Wolmaransstad-Witpoort-pad, ongeveer twee myl van die dorpie Witpoort, 'n huisie van hout en klei laat bou, wat later verander is in 'n klipmuurhuis⁴⁾. Dit is dan ook hier waar die eerste

1. Broadbent: A Narrative of the first introduction of Christianity among the Barolong tribe of Bechuanas, 63.

Van Zyl: Geskiedenis van Wolmaransstad, 2.

2. Broadbent: a.w., 11.

Van Zyl: a.w., 1.

3. Broadbent: a.w., 28 - 29.

4. Broadbent: a.w., 61. Oorblyfsels van die murasie is vandag nog in die rante te vinde. Tans is daar 'n monumentjie opgerig, die terrein omhein en die geheel tot 'n nasionale monument verklaar.

blanke noord van die Vaalrivier gebore is¹⁾ - in werklikheid twaalf jaar voor die aanvang van die Groot Trek.

2. Herkoms van die naam die Makwassierante.

Wolmaransstad en omgewing was ongetwyfeld een van die terreine waar die Boesman hom vroeër gevestig het. Die teenswoordige Makwassierante was n besondere aantrekkingskrag vir hierdie ras, wat graag skuilgehou het in sulke beboste bergdele. So vind ons vandag nog baie duidelike Boesmantekeninge op rotse op die plaas Zendelingsfontein, suid van die Wolmaransstad - Klerksdorp-grootpad²⁾.

Oorlewering wil daarop dui dat die Boesmans in hierdie omgewing plek moes maak vir n Korannastam onder Mathlawatsi, wat hom in die Makwassierante gevestig het³⁾. Hierdie rante oos van Wolmaransstad het dus heel duidelik reeds die besondere naam Makwassie⁴⁾ gekry voordat die blanke beskawing hier gevestig is, of selfs voordat die swakkere Korannastam deur die moordlustige, allesvernietigende impies van Moselekaats die wyk moes neem⁵⁾. Die verblyf van die Broadbents asook

-
1. Die portret van hierdie blanke kind is bewaar deur mnr. T. Leask, n persoon wat n belangrike rol sou speel in die onderwys en algemene vooruitgang van die dorp en distrik. Genoemde portret is tans die eiendom van die Wolmaransstadse hoërskool en geskenk deur mnr. J. Firth, skoonseun van mnr. Leask, tydens die ontvangs van die Rapportryers in 1949, toe spesiaal aangedoen is by die Broadbent-monumentjie net buite die dorp.
 2. Ek het hierdie tekeninge self gesien.
 3. Broadbent: A Narrative of the first introduction of Christianity among the Barolong tribe of Bechuanas, 28.
 4. *Ibid.*, 61. Eerw. Broadbent het die naam Maquassi gespel. Ofskoon sommige wil beweer dat die naam Makwassie ontstaan het as gevolg van die kaptein Mathlawatsi dui die vernaamste getuienisse daarop dat dit die naam is van n geurige kruiebossie (spearmint) wat in die rante en omgewing gegroei het.
Van Zyl: Geskiedenis van Wolmaransstad, l.
Leask: Uitknipsels en korrespondensie in plakboek.
 5. Broadbent: a.w., 74.

die van die Barolongs in die Makwassierante was egter van korte duur, want baie gou is hulle oorval deur Matabele-hordes en moes hulle weswaarts na die suidelike Vrystaat vlug¹⁾.

Toe Andries Potgieter in 1836 deur die suidelike Vrystaat getrek het, het hy in aanraking gekom met die Barolongs en met die sterk mag van die Matabeles. Nadat hy in die slag van Kapaïn van 4 tot 12 November 1837 die Matabele-mag in die Transvaal finaal n nekslag toegedien het, het hy die land noord van die Vaalrivier ingelyf by die Boerestaat van Winburg²⁾.

3. Belangstelling van blankes in Wolmaransstadse omgewing.

Die Wolmaransstadse omgewing het dus deel uitmaak van die gebied waardeur Potgieter in die jare 1836-1837 op sy strafekspedisies teen Silkaats opgetrek het.

Met die stigting van Potchefstroom in die jare 1838-1839³⁾ het hierdie streek ook in die Potchefstroomse gebied geval en dus meer en meer onder die blanke se invloed gekom. Die suidelike grens van die Potchefstroomse distrik was die Vaalrivier tot by sy samevloei met die Hartzrivier. Die uitgestrekte vlaktes en ranteveld was baie aantreklik vir bees- en skaapboere, en mettertyd sou hulle hulle hier kom vestig.

Na die ontdekking van diamante in 1871 het die grootpad van die diamantvelde na die Noorde hierlangs deurgegaan. Volgens die Keate-uitspraak van 17 Oktober 1871 is die westelike grens van die Transvaal vas-

1. Broadbent: A Narrative of the first introduction of Christianity among the Barolong tribe of Bechuanas, 72.

2. Stockenstroom: Historiese atlas van Suid-Afrika, 23.

3. Coetzee: Potchefstroom 1838-1938. 123.

gestel langs die Makwassiespruit. Die dorp Wolmaransstad sou enige jare later geleidelik begin ontwikkel aan die westelike oewer van hierdie spruit. Die water van hierdie spruit het 'n belangrike uitspanplek op die grootpad van Kimberley se diamantvelde na die Noorde geword.

4. Wolmaransstad word die gemeenskapsentrum.

Reeds in 1876 het die broers W. en T.S. Leask 'n winkel opgerig aan die Makwassiespruit, distrik Potchefstroom, in 'n huis wat hulle gehuur het van H.J. Badenhorst, eienaar van die plaas Vlakfontein¹⁾. Op 18 Februarie 1879 het hulle die plaas Rooderand, groot 1459 morg, van C.J. Rood gekoop vir £400 met die doel om die winkel daarheen te verskuif. Toe die erfgename van H.J. Badenhorst op hierdie stadium die plaas Vlakfontein te koop aanbied, het die here Leask besluit om £1,200 te betaal vir die 2273 morg grond. In 1880 het hulle die plaas weer aan J.C. Bornman verkoop vir £1410, maar die gedeeltes ten weste en ten suide van die Makwassiespruit is deur die broers Leask uitgehou²⁾. Die gemeenskapsentrum en later die dorp Wolmaransstad het gaandeweg op hierdie terrein ontwikkel weens sy gunstige ligging aan die spruit.

In 1876 het daar al 'n posagentskapkantoor bestaan met Huisenga as posmeester³⁾. In 1880 is T.S. Leask aangestel as posagent, en weldra sou dit ontwikkel tot die natuurlike saamkomplek van die inwoners van die omliggende gebied⁴⁾.

5. Wolmaransstad as dorp geproklameer en uitgelê.

Op inisiatief van W. en T.S. Leask is reeds vanaf die tagtiger jare petisies geteken deur die in-

1. Leask: Dagboek, 4.

2. Ibid., 26.

3. Ibid., 79.

4. Ibid.; 225-226: Aanstellingsbrief as posagent.

woners van wyk Makwassie om by die Eerste Volksraad van die Z.A.Republiek te agiteer vir die stigting van 'n dorp en die verklaring van die gebied tot 'n selfstandige distrik¹⁾. Vanaf 1884 het die nuwe saamkomplek aan die Makwassiespruit besondere aandag van die Volksraad ontvang. Op 19 Augustus 1884 is dan ook goedkeuring verleen vir die stigting van 'n dorp geleë in die wyk Makwassie, in die Potchefstroomse distrik²⁾.

Petisies is egter gelyktydig ook gesirkuleer deur die inwoners van Witpoort en Leeuwfontein met die oog op die stigting van die dorp. Die gevolg was dat die Volksraad in 1888 opdrag gegee het aan die heer J.M.A. Wolmarans, lid van die Uitvoerende Raad, en kommandant Piet Cronjé van die Potchefstroomse distrik, om die saak verder te ondersoek en 'n aanbeveling te maak waar die dorp aangelê moes word³⁾. Tydens die besoek van die twee here het hulle die moontlikhede van die drie plekke wat op die aanleg van die dorp aanspraak gemaak het, met mekaar vergelyk en ten gunste van Makwassiespruit besluit⁴⁾.

Op 16 Februarie 1891 is bekend gemaak dat die dorpie Wolmaransstad as sodanig geproklameer en aangelê is op 'n gedeelte van die plaas Rooderand en Vlakfontein in die wyk Makwassie, distrik Potchefstroom⁵⁾. Die genoemde dorpsgebied sou onderworpe wees aan die administrasie, kontrole en bestuur van amptenare wat reeds daartoe aangestel is of in die toekoms deur die Regering van die Z.A.R. aangestel sou word⁶⁾.

-
1. Leask: Dagboek; kyk dokumente op bladsy 52.
 2. Volksraadsnotule van die Z.A.R., 19 Aug. 1884, art., 185.
 3. Leask: Dagboek, 53.
 4. Ibid., 54.
 5. Locale Wetten 1890 - 1893, 320.
 6. Idem.

Wolmaransstad is genoem na die heer J.M.A. Wolmarans¹⁾, lid van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. Hy was n broer van senator A.D.W. Wolmarans en die seun van Frederik Wolmarans en ook die eienaar van die plaas Gerhardminnebron, Gatsrand, distrik Potchefstroom.

Op 20 Augustus 1891 is n petisie, onderteken deur 66 inwoners van Wolmaransstad, wyk Makwassie, aan die Posmeester-Generaal te Pretoria, mnr. J. van Alphen, gerig, waarin daar versoek word dat n pos- en poswisselkantoor aldaar opgerig moet word. Dit sou nie alleen tot groot gerief van die ingesetenes wees nie maar ook tot voordeel van die skatkis self. Hulle het n poskantoor tot hulle beskikking gehad, maar dit was nie moontlik om poswissels daar te verkry nie. Die naaste bank was op Klerksdorp, en dit was dus baie ongerieflik om geld vanaf Wolmaransstad na elders te versend.

Dit het tot gevolg gehad dat die Posmeester-Generaal op 2 September 1891 n skrywe aan die Staatsekretaris gerig het waarin hy die wenslikheid uitgespreek het dat die poswissel-administrasie uitgebrei word deur oprigting van n poswisselkantoor te Wolmaransstad. Die Uitvoerende Raad het met sy sitting van 1 Oktober 1891 ten gunste van die voorstel van die Posmeester-Generaal besluit²⁾. n Poswisselkantoor sou opgerig word met n posmeester teen n jaarlikse salaris van £25. Abraham Daniël Bosman, wat as posagent opgetree het, is as posmeester aangestel vanaf 1 November 1891³⁾.

1. T.S. Leask: Dagboek, 54 en 70. Die gedagte wat later ontstaan het dat die dorp na senator A.D.W. Wolmarans genoem is, word deur Leask as medestigter van die dorp weerlê. J.M.A. Wolmarans het as lid van die Uitvoerende Raad bedank in 1899 en is opgevolg deur A.D.W. Wolmarans maar laasgenoemde het niks met die stigting van die dorp of distrik te doen gehad nie.

2. Notule Uitvoerende Raad d.d. 1 Okt. 1891, art.451.

3. Bauling: Geskiedenis van Wolmaransstad, 2.

6. Stigting van die gemeentes van die Hervormde en N.H. of G. Kerke.

Aangesien die argief van die N.H. of G. gemeente op Wolmaransstad gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vernietig is deurdat die kerkgebou afgebrand is, is dit besonder moeilik om dokumentêre bewyse te kry vir die ontstaan van die eerste gemeente. Die eerste gemeente van die Hervormde Kerk is op Witpoort gestig in 1878 en op 5 Augustus van dieselfde jaar het ds. Van der Hoff van Potchefstroom die hoeksteen gelê¹⁾.

Blykens gegewens verkry uit die dagboek van T.S. Leask was dit ook in die jare 1878-1879 dat die eerste gemeente van die N.H. of G.Kerk gestig is²⁾. Dit is die Makwassie-gemeente genoem hoewel die kerkgebou op die plaas Witpoort nr.302 opgerig is. Die predikant gedurende hierdie periode was ds. C.W. du Toit, wat met nagmaalsgeleenthede die gemeente besoek het³⁾. Die aanspraak van Makwassiespruit (Wolmaransstad), Leeufontein en Witpoort om aangewys te word as die sentrum waar die beoogde dorp aangelê moes word, het ook op kerklike gebied sy uitwerking gehad. Die inwoners van elkeen van die drie onderskeie omgewings het sterk daarop aangedring dat hulle besondere omgewing as die gemeentelike sentrum erken moet word. Nadat die stigting van n dorp egter in 1884 goedgekeur is en in 1888 deur die here Wolmarans en Cronjé ten gunste van Makwassiespruit besluit is, was dit voor die hand liggend dat die gestigte dorp nou ook op kerklike gebied erken moes word.

-
1. Engelbrecht: Eufoes-album Nederduitsch Hervormde Kerk, 1842-1942, 36. Volgens die foto wat in die album verskyn, staan ds. Van der Hoff naas die Kanselbybel deur hom geskenk, wat nog op die preekstoel lê.
 2. Leask: Dagboek, 113. Die betrokke dokument toon die inkomste en uitgawe van die gemeente vanaf 1 Mei 1878.
 3. Ibid., 114.

Die N.H. of G.gemeente het te Witpoort voortbestaan tot in 1889. Reeds gedurende 1889 is n begin gemaak met die insameling van geld vir die bou van die nuwe kerk op Wolmaransstad. Die kerkgebou op Witpoort is op 20 April 1891 verruil aan Gideon Johannes Bosman, eienaar van genoemde plaas, vir erf nr. 327 geleë aan Vredestraat, Wolmaransstad¹⁾. Die ooreenkoms het bepaal dat Bosman die gebou alleen as pakhuis, waenhuis, stal of vir enige ander alledaagse huishoudelike doel mag gebruik. Die gebou mag onder geen omstandighede gebruik word as skool, kerk of vir godsdienstige byeenkomste van enige sekte of gemeente wat by die nuwe eienaar daarom aansoek mag doen nie. Die genoemde bepaling sou ook sy erfgename bind. Indien hierdie ooreenkoms in enige opsig verbreek word sou die Kerkraad die reg hê om die gebou onmiddellik te sloop²⁾.

Die beweegredes van die Kerkraad om hierdie buitengewone voorwaardes by die ooreenkoms in te sluit, was om te verhoed dat die gebou in die hande van die Hervormde Gemeente te Witpoort sou val. Die gevaar het ook bestaan dat die groep Gereformeerdes op Witpoort wat nie wou verenig nie, saam met die ontevredenes van die Wolmaransstadse Gemeente seggenskap oor die gebou kon verkry en weer n opposisiegemeente stig³⁾.

Ds. C.J. Snyman was die eerste predikant van die Wolmaransstadse Gemeente. Hy het die gemeente bedien van Desember 1890 tot 30 September 1893. Die hoek-

-
1. Ooreenkoms tussen die Kerkraad en Bosman 20 April 1891; Dokument in plakboek van Leask, 110.
 2. Idem.
 3. Hierdie redes word as n byvoegsel tot die ooreenkoms baie duidelik genoem, sodat ons kan aflei dat daar heelwat verdeeldheid op kerklike gebied moet bestaan het. n Brief van Grevelink as scribe van die N.H. of G. Kerk, Makwassie - vergelyk O.D.9/2, 1261/1891 - oor die gedrag van onderwyser, Strydom wat gedurende skoolure rondgaan om twis en tweedrag onder die mense te verwek, wys ook op die verdeeldheid wat geheers het.

steenlegging van die nuwe kerkgebou het op 26 Julie 1890 plaasgevind, en die ingebruikneming op 26 Januarie 1891 is ook deur die konsulent, ds. A.M. de Villiers van Hartebeestfontein, bygewoon¹⁾.

7. Wolmaransstad as onafhanklike distrik verklaar.

Aanvanklik het die omgewing van Wolmaransstad deel uitgemaak van die Potchefstroomse distrik en het geval in die wyk Makwassie. Hierdie posisie het voortgeduur tot in 1894, toe die Eerste Volksraad by artikel 1049 besluit het om aan die versoek van die petisionarisse te voldoen deur Wolmaransstad, met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, tot Wolmaransstad-distrik te verklaar²⁾. Blykens die notule van die Uitvoerende Raad gedateer 6 November 1895, artikel 763, is die grense van die nuwe distrik soos volg bepaal en omskrywe³⁾: Tussen Bloemhof en Wolmaransstad beginnende op die suidwestelike hoek van die plaas Kalkgat, distrik Bloemhof, aan Vaalrivier bekend as baken nr.1; vandaar met 'n reguit lyn in 'n noordelike rigting tot baken nr.2, Leeuwbosch; van baken nr.2 noordwaarts tot baken nr.3, Spioenheuvel (tans Spioenkop) wes van Katboschfontein; die plaas van Jacobus Bredenhaan as hoekbaken; vandaar in noordoostelike rigting, baken nr.4, westelike lyn van die plaas Doornpan tot Tweelingspan; vandaar in dieselfde rigting tot baken nr.5, vandaar tot die westelike hoek van die plaas Biesjeslaagte van C.J. Kirsten, wat 'n hoekbaken van die distrik sal uitmaak; vandaar met 'n reguit lyn oor Brakpan, die plaas van E.S. Vermaak, en Schaapplaats, die

1. Leask: Dagboek, 181.

2. De Locale Wetten der Z.A.R. 1895, 363.

3. Ibid., 1895, 363-364.

plaas van C.J. Kriel; vandaar na die ou werf van E.S. Vermaak, baken nr.6; vandaar met n reguit lyn tot baken nr.7 op Rietfontein, distrik Potchefstroom, op die hoogste punt van n kop aan die noordoostekant van die woning van Salomon Klaassen; vandaar in n suidelike rigting oor die plase Schietfontein en Jackhalsfontein tot n baken op die heuwel Jackhalsfontein, baken nr.8; vandaar in dieselfde rigting oor die plase Klippan, Goedvooruitzicht, Cyferfontein en Vaalbosch, tot n hoek by baken nr. 9, Matjesspruit aan die Vaalrivier op die plaas van G. Potgieter, wat die ou hoekbaken vorm tussen wyke Schoonspruit en Makwassie en vandaar met Vaalrivier af tot by baken nr.1.

Vanaf 15 Januarie 1896 sou die distrik onderworpe wees aan die jurisdiksie van n landdroshoof en aan die outoriteit van n landdros en ander amptenare wat verkies of in die toekoms aangestel sal word vir die administrasie van die distrik¹⁾. Op 23 Januarie 1896 is Hendrik de Waal as waarnemende landdros met n salaris van £550 per jaar en Nicolaas Jacobus Smit as publieke aanklaer, landdrosklerk en seëluitdeler met n salaris van £300 per jaar aangestel²⁾. Eersgenoemde was vroeër landdrosklerk te Barberton en laasgenoemde tweede landdrosklerk te Heidelberg³⁾.

Op 25 Februarie 1896 is die distrik in twee wyke verdeel, nl. wyk nr. 1 of Makwassiespruit en wyk nr.2 of wyk Vaalrivier. Die verdelingslyn was soos volg: Van die plaas Rietfontein van D. Wessels met n reguit lyn na Wolmaransstad en vandaar af met die grootpad na die plaas Jackhalsfontein van J.J. van Vuuren⁴⁾.

-
1. Staatsalmanak der Z.A.Republiek 1897, 324.
 2. Notule Uitvoerende Raad d.d. 22 Jan. 1896.
 3. Bauling: Geskiedenis van Wolmaransstad, 2.
 4. Staats Courant, 28 September 1898, 1359. Leask: Dagboek, 78. Hoewel die verdeling reeds in 1896 gemaak is, is dit eers in 1898 so geproklameer.

Op 9, 10, 11 en 12 Desember 1896 is daar 'n verkiesing in die nuwe distrik gehou om die burgers die geleentheid te gee om vir hulle 'n landdros te kies¹⁾. Die Uitvoerende Raad het besluit om die here H. de Waal, tweede landdros te Wolmaransstad, en J.F.E. de Beer, Resident-Vrederegter te Potgietersrust, as kandidate te benoem. Die burgers se keuse het op H. de Waal geval. Op 12 Januarie 1897 is hy na Pretoria, waar hy op 26 Januarie op gebruikelike wyse as landdros ingesweer is²⁾.

Die landdros het hom daadwerklik beywer om blanke berede polisie aangestel te kry in die plek van die bestaande polisiewag van kleurlinge. Op 2 Februarie 1897 het hy 'n skrywe aan die Staatsekretaris gerig, waarin hy die aanstelling van 'n distriksgeneesheer as baie noodsaaklik bepleit. Uit die twee sollicitante, dr. P.A. Hoole en Justus Schmauer, is laasgenoemde aangeneem en aangestel teen £100 per jaar³⁾.

Magtiging is verkry van die Uitvoerende Raad om 50 goewermentserwe per publieke veiling te verkoop teen 'n insetprys van £10 per erf. Die nommers van die erwe sou bepaal word deur die Registrateur van Aktes in ooreenleg met die landdros te Wolmaransstad⁴⁾. Op 1 April 1897 is 'n petisie geteken deur 147 ingesetens aan die Tweede Volksraad gerig, waarin hulle verklaar het dat die bloei en vooruitgang van die dorp grootliks bevorder sou word deur die aanbou van 'n dam. Hulle het eerbiedig versoek dat die som van £3,000 vir hierdie doel toegestaan sou word. Die erwe sou soveel in waarde styg dat dit by die verkoping driedubbel die bedrag sou oplewer⁵⁾. Na onderhandelings is op 10 Maart 1898

-
1. Staats Courant, 7 Desember 1896: Goewermentskennisgewing Nr.451.
 2. Staatsalmanak der Z.A.Republiek 1897, 324.
 3. Notule Uitvoerende Raad, 25 Maart 1897, art. 272.
 4. Ibid., 11 Maart 1897, art. 208.
 5. Bauling: Geskiedenis van Wolmaransstad, 5.

deur die Sekretaris n skrywe gerig waarin hy meedeel dat n bedrag van £5,000 goedgekeur is vir die doel¹⁾, en op 23 Mei 1898 het landdros De Waal aan die hoof van publieke werke n telegram gestuur dat werksaamhede aan die dam begin is met 100 man²⁾.

In 1897 was die vernaamste geboue in die dorp die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, met ds. Paul Nel as predikant, die winkels van Thos. Leask en Kie. en F. Wronssky, asook verskeie privaat wonings³⁾. Die eerste gesondheidskomitee het bestaan uit⁴⁾:-

Vir die dorp: mnre. J.C. Bornman, F.W. König, Thos. Leask;

vir Wyk 1: mnre. N.J.S.Bosman, C.J. van Wyk, W.J.Erasmus;

vir Wyk 2: mnre. H.J.C.Sneyders, W.O'Reilly, L.P.Oberholzer.

8. Samevatting.

Hoewel belangstelling van blankes in Wolmaransstadse omgewing al vanaf die veertiger jare van die negentiende eeu aangetref word, die ontdekking van diamante in 1871 die grootpad na die Noorde hierlangs tot gevolg gehad het, die broers Leask reeds vanaf 1876 hier begin handel drywe het, waardeur die dorp as sodanig in 1884 geproklameer kon word, tog vind ons nêrens dokumentêre gegewens dat georganiseerde onderwys gegee is of aandag geniet het voor 1886 nie. Die redes hiervoor is voor die hand liggend. Die gebied se reënval is laag, en droogtes het dikwels voorgekom, waardeur die boerdery so onseker was dat daar voortdurend getrek moes word op soek na beter weiding vir die vee. Daarby moet gevoeg word dat hierdie deel ook minder produktief was,

1. Volksraadsnotule van die Z.A.R., 9 Maart 1898, art.319.

2. Bauling: Geskiedenis van Wolmaransstad, 6.

3. Staatsalmanak der Z.A.Republiek 1897, 324.

4. Idem.

en die belangstelling van die boere is eers gaande gemaak nadat die beste plase in Transvaal in besit geneem was. Die ontwikkeling ook op onderwysgebied sou dus baie geleidelik intree.